

Hoofstuk van die dag: 2 Samuel 22

> *In my nood roep ek na die Here, ja, ek roep om hulp na my God. In sy paleis hoor Hy my geroep. Ek roep na Hom om hulp, en Hy luister na my. (vers 7)*

Die hele lied (wat byna woordeliks met Ps 18 ooreenstem) is ’n

jubeling in die Here omdat Hy in nood help.
Aanvanklik is Dawid se nood so erg dat hy dit beleef dat die dood naby is (vers 6). Sy vyande het gedreig om hom te oorweldig. Dan gryp God in (vers 8-16) en verlos hom van sy vyande (vers 17-30) omdat Hy Dawid liefhet (vers 20).
Teen die einde van die lied is dit nie meer Dawid wat vlug nie, maar sy vyande (vers 41). God het ingegryp en die bordjies verhang.
Die boodskap van die lied is eenvoudig maar aangrypend: Die Here help in nood. Daar is baie gevare en vyande wat ’n kind van God bedreig. Party dae staar ’n mens selfs die dood in die gesig. Maar jy kan weet: God is vir jou ’n bron van sekuriteit. Hy help jou om jou probleme, jou hartseer, jou swaarkry storm te loop en te oorwin. Daarom moet jy Hom loof voor die nasies, tot eer van sy Naam ’n lofpsalm sing!

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026